# 1652-1952

Ter geleentheid van die Drie-Eeufees van die landing van Jan van Riebeeck bied die Genootskap Oud-Pretoria u hierdie besondere uitgawe van "Pretoriana" aan.
Vir die eerste keer in die geskiedenis van ons stad is Pretoriana in die geleentheid om 'n eeufees van die stigting van Suid-Afrika te vier. Oor drie jaar is Pretoria honderd jaar oud,maar dit pas ons as burgers om tans aan die 300-jarige bestaan van ons volksplanting te dink, destemeer daar daar 'n opvallende ooreenkoms en nou verband tussen die stigting van Kaapstad en Pretoria bestaan.
Van Riebeeck en die syne het in 'n woeste land wat deur barbare en wilde diere bewoon was aangekom. Met moed, vlyt en ondernemingsgees het die stigters van Kaapstad 'n nuwe tuiste vir die witman in die wildernis geskep. Geleidelyk het langs die strome aan Tafelberg se voet aanleggies en hartbeeshuisies ontstaan en in die nuwe vaderland het die inwoners die taal, godsdiens, wette, boustyl, sedes en gewoontes van Nederland gehandhaaf.
Twee eeue later het die nasate van die Vryburgers die beskawingsmetodes van Van Riebeeck ten noorde van Vaalrivier herhaal. Onder aan die voet van die randjies van Elandspoort al langs die Aapiesrivier het die Voortrekkers en Marthinus W. Pretorius 'n dorp aangelê. Net soos hul voorouers aan die Kaap moes die pioniers die nuwe tuiste teen inboorlinge en wilde diere beskerm.Maar mettertyd het die aanleggies aan die Aapiesrivier die hoofstad van die Unie van Suid-Afrika geword. Tot hede toe getuig die taal, godsdiens, kultuur en boustyl van 'n groot gedeelte van die inwoners van Pretoria dat hul nasate van Jan van Riebeeck se Vryburgers is, wat bewus of onbewus die tradisies van hul voorouers voortplant. In hierdie uitgawe sal die welwillende leser dan ook stukke uit die V.O.C.-tydperk en Pretoria se vroegste jare vind.

**W. PUNT**
*Voorsitter.*

# 1652-1952

On the occasion of the Tercentenary of the landing of Jan Van Riebeeck the Old Pretoria Association presents to you a special issue of "Pretoriana".

For the first time in the history of our city Pretorians have the opportunity of celebrating a centenary of the founding of South Africa. In three years' time Pretoria will be a hundred years old, but it befits us as South Africans to think now of our settlement's 300 years of existence. All the more because there is a striking resemblance and close connection between the founding of Cape Town and that of Pretoria.

Van Riebeeck and those with him came to a desolate land inhabited by barbarians and wild animals. With courage, diligence and enterprise the founders of Cape Town created in the wilderness a new home for the white man. Gradually along the streams at the foot of Table Mountain small farms and hartebeest-huts came into being, and in the new fatherland the inhabitants maintained the language, religion, laws, architecture, morals and customs of Holland.

Two centuries later the descendants of the Free Burghers repeated the civilizing methods of Van Riebeeck north of the Vaal River. At the foot of the little ridges of Elandspoort all along the Aapies River the Voortrekkers and Marthinus W. Pretorius laid out a town, just like there forefathers at the Cape the pioneers had to protect the new home against aborigines and wild animals. But in the course of time the small farms on the Aapies River became the capital of the Union of South Africa. To this day the language, religion, culture and architecture of a great portion of the inhabitants of Pretoria bear witness that they are descendants of Jan Van Riebeeck's Free Burghers, consciously or unconsciously propagating the traditions of there forefathers. In this issue too the well-disposed reader will find pieces both from the Company's period and Pretoria's earliest years.

**W. PUNT**
*Chairman.*